



WES-KAAPSE DKES-UITNODIGING VIR AANSOEKE OM JAARLIKSE PROJEKBEFONDING VIR 2023/24

Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns- en kultuurorganisasies en -instellings, kunstenaarsgroepe, individue wat betrokke is by artistieke uitdrukkings en kuns- en kulturgebeurtenismaatskappye om hul aanlyn-aansoeke vir projekbefondsing vir die 2023/24-boekjaar in te dien. Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en in die Wes-Kaap gebaseer wees.

Uitkomste moet duidelik verwoord word omdat dit in 'n groot mate gaan bepaal of die projek ondersteun gaan word.

AANSOEKE WORD INGEWAG VIR BEFONDING VIR PROJEKTE/PROGRAMME BINNE DIE VOLGENDE BEFONDINGSKATEGORIEË:

BEFONDINGSKATEGORIE	PROGRAM/PROJEK	BEFONDINGSUITKOMS
1. Geslagsresponsiwiteit	Kuns- en Kultuurprogramme/-aktiwiteite wat gestruktureer is om vroue te bemagtig en aspekte van GGG te takel.	<ul style="list-style-type: none"> Geslagsresponsiwiteit behels erkenning van en optrede ten opsigte van geslagsongelykheid in die implementering van aktiwiteite en programme. Programme wat geslagsgebaseerde struikelblokke takel, geslagsverskille respekteer, strukture, stelsels en metodologieë aktiveer om geslagssensitiwiteit te bevorder. Verseker geslagspariteit as 'n meer omvattende strategie om geslagsgelykheid te bevorder en ontwikkel om gapings te verklein en geslagsgebaseerde diskriminasie uit te roei.
2. Kultuurtoerisme	Feeste en film Feeste insluitend literêre feeste, Toerproduksies en uitstellings.	<ul style="list-style-type: none"> Werkskepping deur kuns Geleenthede binne die bedryf word geskep vir marginaliseerde groepe, veral vroue
3. Boeke en Pers	Poësieeskryf, skrywerstoekennings, kreatiewe skryfwerk, outobiografieë, kinderliteratuur, volksverhale, kortverhale, boekbeurse, literêre tydskrifte, uitgewerysubsides vir uitgewerye	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel en moedig nuwe skrywers aan Bevorder kreatiwiteit Bewaring en optekening
4. Oudiovisueel	Film en video, televisie en radio, klankopnames, spotprente	<ul style="list-style-type: none"> Innovering Produkte wat geproduseer word – positiewe boodskappe oor maatskaplike kwessies Opvoedkundige en opleidingswaarde
5. Ontwerp en Kreatieve Dienste	Grafies – animasie en multimedia-ontwerp Modeontwerp	<ul style="list-style-type: none"> Oorspronklike werke uniek aan die Wes-Kaap Innovering Oordrag van vaardighede
6. Nuwe Werke	Enige dissipline of medium – Weerspieëeling van kultuur- en inheemse kuns	<ul style="list-style-type: none"> Meer uitgebreide bewustheid en kennis Inklusiwiteit Bewustheid, bevordering en bewaring van kultuur Toon waardering en respek vir kultuur- uitdrukkings
7. Multidissiplinêr	'n Kunsaktiwiteit wat twee of meer kunsvorme of dissiplines insluit.	<ul style="list-style-type: none"> Innovering Medeskepping en oordrag van vaardighede
8. Optrede en Viering	Choreografiese werke, tegniese opleiding, draaiboekskryf, sirkus, dans, optredes, komedie, toorkuns, mimiek, poppespel, poësie, dramatoneelstukke, storievertelling, musiekteater, musiekonderrig/komposisies/konferensies/verwerkings ens.	<ul style="list-style-type: none"> Blootstelling en talentidentifikasie Vaardighedsopleiding en kunsonderrig Werkskepping Verhoog deelname van aangewese groepe

AANSOEKPROSES

Die onus rus op die organisasie om betyds aansoek te doen en hulself te vergewis van die befondingsaansoektydlyne en aansoekproses wat op die Departement se webtuiste beskikbaar is.

Alle aansoeke en stawende dokumentasie moet aanlyn ingedien word. Die aansoekvorms is slegs aanlyn beskikbaar by <https://www.westerncape.gov.za/cas> en navrae wat verband hou met die proses kan aan die volgende amptenare gerig word:
Fareedah Hunter: e-posadres Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za
Audrey Williams: e-posadres Audrey.Williams@westerncape.gov.za

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag, 15 Maart 2023 om 16:00. Die aanlynstelsel aanvaar nie laat aansoeke nie.

Let wel:

- Befondsing is beperk. Tydige indiening van 'n voltooide aanlyn-aansoek waarborg nie befondsing nie.**
- Geen aansoeke wat gefaks, met die hand afgelewer of per e-pos gestuur word, sal aanvaar word nie.**
- Een aansoek per organisasie/individu/maatskappy per kategorie.**